GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2013

10710A

REKENINGKUNDE

Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye en 'n 25 bladsy-antwoordboek.

PUNTE: 300
TYD: 3 UUR

REKENINGKUNDE + ANTWOORDBOEK
1071A

10710A

X1Ø

KOPIEREG VOORBEHOU

BLAAI OM ASSEBLIEF

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

TYD: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

- Beantwoord AL die vrae.
- 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
- Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
- Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
- Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

VRAAG 1: 40 punte; 25 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Rekonsiliasies en interne kontrole	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS4 Ontleed en vertolk rekonsiliasies LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS5 Etiese kode AS6 Toepas van interne beheerprosesse
VRAAG 2: 50 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Vervaardiging	LU2 **Bestuursrekeningkunde** AS2 Opstelling, ontleding en verslagdoening oor kosteberekeninge LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS6 Toepassing van interne kontrolemaatreëls
VRAAG 3: 70 punte; 45 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Maatskappy-verslagdoening	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS5 Berei finansiële state voor AS6 Ontleed 'n ouditverslag LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS5 Rol van professionele liggame
VRAAG 4: 35 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Voorraadwaardasie	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS1 Konsepte LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS4 Berekening en waardering van voorraad AS5 Interne beheer en ouditprosedures
VRAAG 5: 75 punte; 45 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Kontantvloeistaat Ontleding en vertolking	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS5 Finansiële state en ontleding en vertolking van finansiële state
VRAAG 6: 30 punte; 15 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste wat gedek word, is:**
Begrotings en BTW	LU2 **Bestuursrekeningkunde** AS3 Ontleed en vertolk 'n kontantbegroting LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS5 Interne kontrole en ouditprosedures

VRAAG 1

1.1 Bankversoening [24 punte; 15 minute]

Die inligting wat voorsien is, is geneem uit die rekeningkundige rekords van Sibusisu Handelaars.

GEVRA:

1.1.1 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2013 op. [07]

1.1.2 Bereken die saldo van die Bankrekening soos wat dit in die finansiële staat sal verskyn op 30 Junie 2013. Dui aan of die saldo gunstig of ongunstig is. [03]

1.1.3 Daar word bo enige twyfel vasgestel dat die uitstaande deposito van R16 700 in die rekening van die kontantkontroleur, 'n werknemer van die onderneming, gedeponeer is. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat sy haar persoonlike oortrokke bankrekening afbetaal het en dat haar rekening nou gesluit is.

- Toon die korrekte dubbelinskrywing wat in hierdie geval gedoen moet word. [04]
- Verduidelik kortliks **TWEE** moontlike wyses waarop die geld weer van die werknemer verhaal kan word. [04]
- Noem **DRIE** kontrolemaatreëls wat die onderneming kan instel om 'n herhaling van hierdie gebeurtenis in die toekoms te voorkom. [06]

Inligting:

1. Bankversoeningstaat op 31 Mei 2013			
Ongunstige saldo van die bankstaat			R15 940
Uitstaande tjeks	**Nommer**	**Gedateer**	
	1115	15 Desember 2012	8 000
	3120	1 April 2013	955
	3122	17 Junie 2013	5 250
	3139	25 Augustus 2013	3 786
Uitstaande deposito			16 700
Saldo van die bankrekening			?

2. Tjek nommer 1115 is aan 'n krediteur uitgereik ter vereffening van 'n rekening van R8 270 op 15 Desember 2012.

3. Die bankstaat vir Junie 2013 toon die volgende:

   - Tjek nommer 3120.
   - Weens 'n tegniese fout verskyn 'n debietorder van R1 080 ten gunste van Alpha Versekeraars twee maal. Die bank is reeds hiervan in kennis gestel en die fout sal reggestel word.
   - 'n Elektroniese fondsoorbetaling (deposito) van R10 000 is verkeerdelik in die besigheid se bankrekening gemaak, in plaas van om in die eienaar se persoonlike rekening gedeponeer te word. Die eienaar sal die fout regstel.
   - 'n Ongunstige sluitingsaldo van R31 410.

4. 'n Vergelyking van die Kontantjoernale vir Junie 2013 en die Bankstaat vir Junie 2013 toon die volgende:

   - Tjek nommer 3153 vir R2 050, gedateer 29 Junie, is nie vir betaling aangebied nie.
   - Die uitstaande deposito van R16 700 verskyn nie op die bankstaat nie.

1.2 **Krediteureversoening** **[16 punte; 10 minute]**

Bestudeer die inligting wat geneem is uit die rekeningkundige rekords van Henna Handelaars.

GEVRA:

Verwys na Inligting A en beantwoord die volgende vrae:

1.2.1 Korting van R720 is gedurende Mei 2013 van die krediteure ontvang. Bereken hoeveel geld gedurende Mei 2013 aan krediteure betaal is. [02]

1.2.2 'n Krediteur met 'n debietsaldo is oorgeplaas na die debiteuregrootboek. By watter bedrag sal hierdie geld ingesluit wees? [02]

Verwys na Inligting B en beantwoord die volgende vrae:

1.2.3 Die volgende verskille is ontdek op die staat wat van Vitton Handelaars ontvang is:

- Vitton het nagelaat om die korting van R250 op die betaling van 7 Mei 2013 toe te staan.
- Die inskrywing op 19 Mei 2013 is ten opsigte van goedere wat deur 'n ander kliënt teruggestuur is.
- 'n Betaling van R8 000 en korting van R400 is nie deur Vitton Handelaars opgeteken nie.

Bereken die korrekte bedrag wat aan Vitton Handelaars verskuldig is. [06]

1.2.4 As interne ouditeur het jy ongerymdhede ontdek in die lewering van goedere deur verskaffers en die betalings wat aan hulle gemaak is. Ten minste een werknemer word daarvan beskuldig dat hy goedere namens die besigheid bestel het en dit by sy persoonlike adres laat aflewer het. Verduidelik kortliks DRIE maatreëls wat jy sal instel om die interne kontrole oor voorraad te verbeter. [06]

Inligting:

A		Algemene Grootboek van Henna Handelaars							
		Krediteurskontrole							
2013 Mei	31	Bank en korting	KBJ	37 575	2013 Mei	1	Saldo	a/b	42 000
		Terugsendings en afslag	KAJ	3 600		31	Totale aankope	KJ	50 700
		Joernaaldebiete/ Diverse rekeninge	AJ	1 755			Bank	KOJ	300
		Saldo	o/d	51 930			Joernaalkrediete/ Diverse rekeninge	AJ	1 860
				94 860					94 860
					2013 Junie	1	Saldo	a/b	51 930

B		Staat van Rekening ontvang van Vitton Handelaars				
		Henna Handelaars				
Datum		**Besonderhede**	**Fol**	**Debiet**	**Krediet**	**Saldo**
Mei	1	Saldo	a/b			10 350
	7	Betaling ontvang		5 000		5 350
	11	Faktuur A1179			7 430	12 780
	19	Debietnota no 337		650		12 130

VRAAG 2

Vervaardiging [35 punte; 20 minute]

2.1 Jy word voorsien van die inligting met betrekking tot Lollipop Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2013.

Die onderneming vervaardig lekkergoed en verkoop dit teen 'n winsopslag van 100% op kosprys. Hulle maak gebruik van die **deurlopende voorraadstelsel** vir voltooide produkte en die **periodieke voorraadstelsel** vir grondstof en indirekte materiaal.

GEVRA:

2.1.1 Stel die volgende notas op vir die jaar geëindig 31 Julie 2013:

- Direkte grondstofkoste [08]
- Fabrieksbokoste [15]

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 31 Julie 2013. (Toon berekeninge in hakies.) [12]

Inligting:

1. Die volgende saldo's het, onder andere, in die grootboek aan die begin en einde van die finansiële jaar verskyn:

	31 Julie 2013	1 Augustus 2012
Grondstofvoorraad	1 647 500	720 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad	?	89 400
Klaarprodukte-voorraad	330 000	500 000
Fabriek: indirektemateriaal-voorraad	64 000	152 000

2. Transaksies gedurende die jaar	
Grondstof op krediet aangekoop	970 000
Grondstof kontant aangekoop	978 000
Grondstof aan die plaaslike skool geskenk	50 000
Koste om grondstof by fabriek te laat aflewer	29 500
Fabriek se indirekte materiaal vir kontant gekoop	78 000
Fabriek stuur indirekte materiaal terug aan verskaffers.	24 000
Produksielone vir die jaar insluitend WVF-bydraes	763 560
Lone betaal aan algemene fabrieksassistente – insluitend WVF-bydraes	204 840
Salarisse betaal aan werknemers (ingesluit by hierdie bedrag is die fabrieksvoorman se salaris van R151 500 insluitend WVF-bydraes)	658 000
Kommissie op verkope (alle verkope is onderworpe aan 'n kommissie van 5%)	200 000
Instandhouding van fabriekstoerusting betaal ('n Faktuur van R14 500 is ontvang, maar is nog nie betaal nie)	23 000
Water en elektrisiteit betaal (Dit word verdeel tussen die fabriek, kantoor- en verkoopsafdeling in die verhouding 4:2:1 onderskeidelik)	98 000
Huur betaal (Huur word tussen die afdelings verdeel volgens die vloerspasie – die fabriek beslaan 57% van die totale vloerspasie) Huur vir Augustus 2013 is reeds betaal.	169 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	89 000
Oninbare skulde	56 000
Vraggeld op verkope	67 900
Koste van produksie van klaarprodukte	1 819 520

2.2 **Vervaardiging** **[15 Punte; 10 minute]**

Jy word voorsien van inligting aangaande Seat Vervaardigers, 'n onderneming wat slegs een tipe plastiekstoel vervaardig. Hul finansiële jaar eindig 31 Desember 2013.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die volgende:

- Veranderlike koste per eenheid vir 2013 [04]
- Gelykbreekpunt vir 2013 [05]

2.2.2 Seat Vervaardigers produseer slegs **een tipe stoel** en verskaf dit aan slegs **een kliënt** teen 'n **vaste prys.** Hierdie situasie kan lei tot verkoopsprobleme in die toekoms. Verskaf gepaste advies aan die eienaar om sy strategie ten opsigte van **produksie, bemarking en prysvasstelling** in die toekoms te verbeter. [06]

Inligting:

	2013	2012
Primêre koste per eenheid	170	
Fabrieksbokoste	1 080 000	
Verkoops- en verspreidingskoste vir die jaar	337 800	290 910
Administrasiekoste vir die jaar	340 000	309 090
Vaste verkoopprys per stoel	400	400
Getal stoele gedurende die jaar geproduseer	11 260	15 260
Getal stoele gedurende die jaar verkoop	11 260	14 100
Voorraad onverkoopte stoele op 31 Desember	2 000	1 260
Gelykbreekpunt	?	5 230

VRAAG 3

3.1 **Ouditering en Korporatiewe bestuur** **[15 punte; 10 minute]**

GEVRA:

Kies die gepaste antwoord uit **Kolom B** wat by die konsep in **Kolom A** pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer in die **antwoordboek** neer.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 King-kode	A Inkomstestaat
3.1.2 Redelike weergawe	B Nie bevooroordeeld teenoor enige party nie
3.1.3 Gekwalifiseerde mening	C Balansstaat
3.1.4 Resultaat van transaksies	D Na ons mening toon die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 30 Junie 2011.
3.1.5 Ongekwalifiseerde mening	E Korporatiewe bestuur
	F Na ons mening toon die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 30 Junie 2011, behalwe vir die bemarkingsuitgawe in die Inkomstestaat wat nie bevestig kon word nie, aangesien geen stawende dokumentasie vir hierdie uitgawe voorgelê kon word nie.

[05]

3.2 In die onderstaande tabel word jy voorsien van uittreksels uit koerantartikels wat verband hou met optrede binne die privaat sektor en die staatsdienssektor.

GEVRA:

- Gee 'n mening oor die prestasie van elke sektor. [02]
- Gee DRIE redes vir die swak vertonings in die sektor wat jy as onderpresterend geïdentifiseer het. [03]
- Verwys na King-kode 3 (korporatiewe bestuur) en beveel verbeterings vir die spesifieke sektor aan. [05]

	PRIVAAT SEKTOR		STAATSDIENSSEKTOR
1	Nuwe maatskappysekretaris het drie jaar met die HUB en regsfirma saamgewerk om korporatiewe regservaring op te doen.	1	Lugredery ontvang R5 biljoen se waarborge van die regering om sommige van hulle probleme op te los (persepsies daarbuite)
2	Bankgroep se vergoedingspakkette stem ooreen met plaaslike en internasionale vereistes. Aandeelhouers kan stem oor salarisse.	2	Biljoene rande verduister deur staatsamptenare. Openbare Beskermer beplan 'n volskaalse ondersoek om vas te stel hoeveel die staat verloor a.g.v. vals fakturering.
3	Supermarkgroep bekom 225 nuwe persele.	3	'n Man word bevorder nadat die munisipaliteit waarvoor hy verantwoordelik was, ses gekwalifiseerde ouditverslae binne ses jaar ontvang het.

3.3 **Inkomstestaat en Notas** **[55 punte; 35 minute]**

Jy word van die vooraansuiweringsproefbalans van Zap Beperk voorsien. Die maatskappy verkoop en herstel sekuriteitsalarms. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 300 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R5 elk. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

GEVRA:

3.3.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013. [50]

3.3.2 Stel die nota vir Behoue Inkomste op 30 Junie 2013 op. [05]

1. VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2013		
Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Gewone aandelekapitaal		1 100 000
Aandelepremie		150 000
Behoue inkomste (1 Julie 2012)		170 000
Lening van Brain Bank		90 000
Grond en geboue teen kosprys	1 462 830	
Voertuie teen kosprys	680 000	
Toerusting teen kosprys	240 000	
Opgelope waardevermindering (1 Julie 2012) • Voertuie • Toerusting		 141 000 57 000
Debiteurskontrole	45 000	
Krediteurskontrole		28 920
Handelsvoorraad	400 000	
Bank		13 651
Kleinkas	2 200	
SAID – Inkomstebelasting	83 500	
Voorsiening vir oninbare skuld		1 440
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		3 430 000
Koste van verkope	1 750 000	
Debiteursafslag	9 520	
Salarisse en Lone (bydraes ingesluit)	189 000	
Korting toegestaan	1 506	
Diensgeldinkomste		98 985
Huurinkomste		74 000
Versekering	15 000	
Diverse uitgawes	79 109	
Direkteursvergoeding	258 000	
Ouditgelde	57 231	
Verpakkingsmateriaal	35 000	
Rente-inkomste		7 900
Gewone aandeledividende	55 000	
	5 362 896	**5 362 896**

2. **Aansuiwerings en addisionele inkomste**

A Goedere is deur 'n debiteur teruggestuur en die nodige afslag is volledig aangeteken. Die inskrywing vir die koste van verkope, R2 700, is egter weggelaat.

B Volgens 'n fisiese voorraadopname aan die einde van die jaar, is die volgende vasgestel:

- Handelsvoorraad voorhande R407 000
- Verpakkingsmateriaal gedurende die jaar **gebruik** R 26 500

C Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot R1 830.

D Geen inskrywing is gemaak vir 'n tjek wat ontvang is van 'n debiteur, X. Ndebele, vir R810 nie. Hierdie tjek is ontvang as 'n dividend van 30 sent in die Rand uit sy insolvente boedel. Die balans van sy rekening moet as oninbaar afgeskryf word.

E Ingesluit by versekering is R3 600 wat betaal is vir die tydperk 1 Oktober 2012 tot 30 September 2013.

F Daar is R8 000 verskuldig aan die ouditeur. 'n Tjek, gedateer 15 Maart 2013, is aan hom uitgereik. Die tjek is behoorlik aangeteken.

G Voorsien vir waardevermindering vir die jaar soos volg:

- Toerusting R11 000
- Voertuie R69 699

H 'n Ou voertuig is gedurende die jaar verkoop. Al die nodige inskrywings is gemaak, behalwe die wins of verlies met verkoop van die bate. Waardevermindering is voorsien vir 10% per jaar op die kosprys. Die inligting is soos volg:

Vaste Bate-register	**Kosprys**	**Opgelope waardevermindering**	**Drawaarde**
Saldo [1 Julie 2012]	96 000	95 000	1 000
Waardevermindering 1 Desember 2012		?	
	96 000	?	?
Verkoop vir kontant			5 000
Wins of verlies met verkoop van bate			?

I Huurinkomste is met ingang 1 Januarie 2013 met 20% **verminder**. Die huur vir Junie 2013 is nog uitstaande.

J Die leningstaat ontvang van Brain Bank toon die volgende:

Saldo aan begin van finansiële jaar	R 150 000
Terugbetalings gedurende die jaar	R 78 000
Rente gekapitaliseer	R ?
Saldo aan einde van finansiële jaar	R 90 000

K Een werknemer se salaris is nie verreken nie. **Alle bydraes wat die werkgewer maak, word teen die salarisrekening gedebiteer.** Die besonderhede is soos volg:

Bruto salaris	**Aftrekkings**			**Werkgewersbydrae**			
	LBS	**WVF**	**Pensioen-fonds**	**Mediese fonds**	**WVF**	**Pensioen-fonds**	**VOF**
15 000	3 000	150	750	2 000	150	750	1% van basiese salaris

L 'n Finale dividend van 155 sent per aandeel is verklaar.

M Die inkomstebelasting vir die jaar word bereken op R311 322.

VRAAG 4

Voorraadwaardasie **[35 punte; 20 minute]**

Fokus Handelaars verkoop kameras aan die publiek. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 28 Februarie. Die onderneming gebruik die **geweegdegemiddelde-metode** om voorraad te waardeer en gebruik die **periodieke voorraadstelsel**.

Kenny May, die eienaar, het besluit om slegs een model kamera (Nikona XC10) aan te hou, ten spyte van die feit dat ander winkels 'n verskeidenheid modelle verkoop.

GEVRA:

4.1 Wat is die belangrikste verskil tussen die deurlopende voorraadstelsel en die periodieke voorraadstelsel? [02]

4.2 Bereken die ontbrekende getalle vir die letter A–E. [15]

4.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. [06]

4.4 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 28 Februarie 2013 gebaseer op die EIEU-metode. [04]

4.5 Kenny May is bekommerd oor die beheer oor voorraad in die besigheid. Het hy rede om so voel? Verduidelik deur syfers aan te haal. [04]

4.6 Noem **TWEE** maatreëls wat Kenny May kan instel om kontrole van en beheer oor sy voorraad te verbeter. [04]

Inligting:

Die inligting hieronder verskyn in die rekords van Fokus Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013. Die onderneming gebruik 'n vaste verkoopprys van R5 800 per kamera.

Inligting rakende die voorraad: Kamera Nikona CX10	**Getal kameras**	**Eenheids-prys**	**Vrag op aankope**	**Totale waarde**
Kameras voorhande op 1 Maart 2012	50	R3 136		**A**
Kameras gedurende die jaar gekoop	820			**C**
April 2012	300	R3 750	-	R1 125 000
Augustus 2012	240	R3 680	-	R883 200
Februarie 2013	280	R3 400	R13 000	**B**
Kameras van die Februarie-aankope teruggestuur	10	R3 400		R34 000
Kameras gedurende die jaar verkoop	520	R5 800		R3 016 000
Kameras voorhande op 28 Februarie 2013	320	**D**		**E**

VRAAG 5 [75 punte; 45 minute]

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Shisheko Bpk verkry. Shisheko Bpk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 340 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R5 elk.

5.1 **Kontantvloeistaat**

5.1.1 Stel die notas van die kontantvloeistaat vir die versoening tussen wins voor belasting en kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring, op. [17]

5.1.2 Stel die volgende afdeling van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013 op: Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite. [08]

5.1.3 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013:

- Inkomstebelasting betaal [05]
- Dividende betaal [05]

5.2 **Ontleding en vertolking**

5.2.1 Neville Henderson, 'n aandeelhouer van Shisheko Bpk, het 8 000 aandele in Shisheko Bpk. 5 500 is op 1 Maart 2010 gekoop en die res is op 1 Oktober 2012 gekoop. Hoeveel dividende is aan hom uitbetaal gedurende die tydperk 1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2013? [07]

5.2.2 Bereken die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal aangewend op 28 Februarie 2013. [08]

5.2.3 Shisheko Bpk het aansoek gedoen vir 'n addisionele lening van R1 500 000 teen 'n rentekoers van 12% p.j. om die uitbreiding van die bestaande geboue te finansier. Is dit wenslik om die uitbreidings met 'n addisionele lening te finansier? Staaf jou antwoord deur TWEE finansiële aanwysers aan te haal. [05]

5.2.4 Bereken die netto batewaarde per aandeel vir 2013. Lewer kommentaar op jou antwoord deur EEN finansiële aanwyser aan te haal. [05]

5.2.5 Die bank het die finansiële bestuurder van Shisheko Bpk ingelig dat hulle slegs R500 000 as lening kan toestaan vir die uitbreiding van die bestaande geboue. Die bestuur van die maatskappy het besluit om addisionele aandele uit te reik om die beplande addisionele fondse wat nodig is, te bekom.

- Hoeveel aandele mag hulle uitreik? [01]
- Teen watter prys behoort hulle die nuwe aandele uit te reik om R1 000 000 te bekom? Toon berekeninge en motiveer jou antwoord. [04]

5.2.6 Die onderneming het 'n winsopslag van 50% op kosprys. Gee TWEE redes vir die verskil in winsopslag in 2013. (Verwys na inligtingspunt 3.) [04]

5.2.7 Verduidelik wat die uitwerking van die debiteure-invorderingstermyn en die krediteure-betalingstermyn op die likiditeit van die onderneming sal wees. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. [06]

Inligting:

1. Uittreksel uit die Inkomstestaat	**28 Februarie 2013**	**28 Februarie 2012**
Waardeververmindering vir die jaar	R84 000	[illegible]
Rente-uitgawe (12% p.j.)	12 700	17 000
Netto wins na belasting vir die jaar	392 000	[illegible]
2. Uittreksel uit die Balansstaat en Notas		
Gewone aandeelhouersbelang	1 306 000	1 040 000
Lening: AKA Bank	164 000	180 000
Grond en geboue teen kosprys	1 890 000	1 780 000
Voertuie en toerusting teen kosprys	980 000	840 000
Opgelope waardevermindering van tasbare bates	150 000	90 000
Handelsvoorraad	110 000	85 000
Debiteurekontrole	75 000	32 000
Opgelope inkomste	2 600	3 000
SAID: Inkomstebelasting	–	Dt. 3 700
Bank	19 000	33 000
Krediteurekontrole	78 000	66 000
Opgelope uitgawes	440	700
Inkomste vooruitontvang	5 000	3 500
Aandeelhouers vir dividende	?	74 000
SAID: Inkomstebelasting	Kt. 12 300	–
3. Finansiële aanwysers	**2013**	**2012**
Netto batewaarde per aandeel	?	640 sent
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	?	34 %
Skuld/Eienaarsbelangverhouding	0,13:1	0,17:1
Bedryfsverhouding	0,8:1	1,09:1
Vuurproefverhouding	0,16:1	0,5:1
Debiteure-invorderingstermyn	45 dae	35 dae
Krediteure-betalingstermyn	40 dae	50 dae
Voorraadomset-koers	5 keer	8 keer
Bruto wins op koste van verkope	46%	45%
Dividend per aandeel	?	65c
Markwaarde van aandele (per aandeel)	R8	?

4. Tot en met 1 Maart 2012 is daar reeds 'n totaal van 140 000 aandele met 'n pariwaarde van R5 elk uitgereik. 'n Verdere 60 000 aandele is op 1 Oktober 2012 uitgereik.

5. Inkomstebelasting word bereken teen 30% van die netto wins.

6. Dividende

   - 'n Finale dividend van 40 sent per aandeel is op 28 Februarie 2013 verklaar.
   - 'n Tussentydse dividend van R49 000 is verklaar en betaal op 30 September 2012.

7. Gedurende die jaar is 'n voertuig met 'n kosprys van R50 000 verkoop teen sy drawaarde van R26 000. Vaste bates is gedurende die finansiële jaar aangekoop.

VRAAG 6

6.1 Kontantbegroting [20 punte; 10 minute]

Die inligting aan jou verskaf, is geneem uit die rekords van Kenau Handelaars. Jy word voorsien van 'n onvoltooide Kontantbegroting en Debiteure-invorderingskedule.

GEVRA:

6.1.1 Noem **TWEE** items wat in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn, maar nie in 'n Kontantbegroting nie. [02]

6.1.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule en die Kontantbegroting deur die bedrae te bereken van letter A–F. **GEEN ANDER BEREKENINGE IS NODIG NIE.** [12]

6.1.3 Gee **TWEE** redes waarom werknemers ongelukkig is oor hulle salarisverhoging. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. [04]

6.1.4 Die bestuurder versoek dat 'n addisionele sekretaresse aangestel word. Verduidelik aan hom waarom dit nie 'n goeie idee is nie deur bewyse uit die kontantbegroting aan te haal. [02]

Inligting:

1. 75% van die totale verkope is kontant.

2. Daar word verwag dat die invordering vanaf debiteure soos volg sal wees:

   - 50% in die transaksiemaand, onderhewig aan 5%-korting
   - 30% in die maand wat op die transaksiemaand volg
   - 15% in die tweede maand wat op die transaksiemaand volg
   - 5% sal as oninbaar afgeskryf word na die derde maand.

3. **Debiteure-invorderingskedule**

Maand	Kredietverkope	Januarie	Februarie	Maart
November 2012	28 000	4 200		
Desember 2012	30 000	9 000	4 500	
Januarie 2013	24 000	11 400	7 200	A
Februarie 2013	28 000		13 300	B
Maart 2013	25 000			C
		24 600	25 000	

4. **Kenau Handelaars**

Uittreksel uit die Kontantbegroting vir drie maande geëindig 31 Maart 2013

	Januarie	Februarie	Maart
Kontantontvangste			
Kapitaal			
Lening			
Vaste deposito: Maart			
Kontantverkope	72 000		72 000
Kontant ontvang van Debiteure	24 600	25 000	
Huurinkomste	12 000	13 440	13 440
Totale Ontvangste			207 750
Kontantbetalings			
Voertuie			
Diverse uitgawes			
Betalings aan Krediteure	54 000	43 200	50 400
Rente op lening	1 000	1 000	1 875
Advertensies	1 920	2 240	1 920
Salaris: Bestuurder	12 000	12 000	18 000
Salarisse en Lone	89 300	89 300	91 979
Totale Betalings			232 455
Kontantsurplus (tekort)	(56 249)	168 687	**D**
Bank (beginsaldo)	(8 600)	(64 849)	**E**
Bank (eindsaldo)			**F**

6.2 **BTW** **[10 punte; 5 minute]**

Jy word van inligting voorsien wat uit die rekeningkunde rekords van Sandile Winkels geneem is.

GEVRA:

6.2.1 Bereken die BTW betaalbaar aan SAID vir Junie 2013. [06]

6.2.2 SAID stel ondersoek in na Sandile, die eienaar, se vorige BTW-opgawe. SAID het hom in kennis gestel dat deposito's ten bedrae van R1 000 000, wat op die bankstaat verskyn, nie as verkope verklaar is nie. Gee TWEE voorbeelde van ontvangstes wat nie-belasbaar is nie. [04]

Inligting:

A	**Inligting vir Junie 2013**	
	Totale kontant- en kredietverkope (BTW uitgesluit)	786 000
	Totale aankope (BTW ingesluit)	478 800
	Totale terugsendings aan verskaffers (BTW ingesluit)	27 360
	Kontantaankope van nuwe voertuig (BTW ingesluit)	22 400

TOTAAL: 300

EINDE